

Hoofstuk van die dag: Levitikus 8

> *Die Here het vir Moses gesê: “Laat Aäron en sy seuns na die ingang van die tent van ontmoeting toe kom.” (vers 1-2a)*

Aäron sou beslis nie mý keuse vir hoëpriester gewees het nie; nie ná die fiasko met die goue kalf (Eks 32-34) waarin hy so

’n groot aandeel gehad het nie. Daar het hy toegegee aan druk en die volk gehelp om ’n afgod te dien.
Maar wag … ek en jy is óók priesters van God (1 Pet 2:5; Op 1:6). Ons is ook maar skeef en krom en dikwels nie onkreukbaar nie. Ek dink dit is die punt. God kies nie volmaakte mense nie, want so iemand bestaan nie. God kies mense wat leerbaar is, wat bereid is om op te staan en ja te sê op sy roepstem en gewillig is om toegerus te word om in sy diens te staan. Want dis nie op grond van inherente kwaliteite dat God ons kies om priesters vir Hom te wees nie. Dit is op grond van die reiniging wat Hy in ons bewerk deur die bloed van sy Seun en die toerusting deur sy Gees dat ons tussen God en die wêreld kan staan. Dis ons roeping!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026